



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
OPSIONELE SPOED-/AKKURAAATHEIDSVRAAG**

NOVEMBER 2013

PUNTE: Nie van toepassing nie

TYD: 5 minute leestyd PLUS 10 minute insleuteltyd PLUS druktyd

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Tyd: VYF MINUTE sal vir die LEES van die spoed-/akkuraatheidstekke toegelaat word.

TIEN MINUTE sal vir die INSLEUTEL van die tekke toegelaat word.


2. Verstekstellings ('Default settings'):

TAAL	Afrikaans
MEETEENHEDE	Sentimeter (cm)
INLYNSTELLING	Links
FONT EN FONTGROOTTE	Courier New 12 of Courier 12
KANTLYNE	2.54 cm
BLADSYBOSKRIF ('HEADER')/ BLADSYONDERSKRIF ('FOOTER')	1.27 cm
REËLAFSTAND	1½- ('1.5 lines') of dubbelreëlafstand

3. Voeg 'n bladsyboskrif in wat die volgende inligting bevat:

RTT Spoed November 2013 (Links in lyn/linksgereg)
Eksamennommer (Regs in lyn/regsgereg)

4. Voorsiening is gemaak vir spoed tot 70 woorde per minuut.
5. Voeg 'n ekstra reëlsplasie voor die begin van 'n nuwe paragraaf in.
6. Jy mag nie jou antwoord redigeer nadat die 10-minute-insleuteltyd verstreke is nie.
7. Gebruik jou **eksamennommer** as die lêernaam om jou dokument te stoor. Stoor die lêer as 'Rich Text Format', soos hieronder getoon. Maak 'n drukstuk van jou antwoord en lewer dit by die toesighouer in. Jy mag **slegs EEN drukstuk van hierdie vraag** inlewer.



File name:	Jou eksamennommer	Save
Save as type:	Rich Text Format	Cancel

LET WEL: Toesighouers moet seker maak dat al die kandidate se opsionele spoedvrae op CD vir nasiendoeleindes gestoor word. Drukstukke moet saam met die elektroniese kopieë op die CD ingelewer word.

Sleutel die paragrawe wat volg so vinnig en akkuraat as wat jy kan, in.

[Verwerk en vertaal uit die artikel 'Safe and Responsible Social Networking' from the Cyberbullying Research Center at www.cyberbullying.us]

Sosiale netwerkwebtuistes soos MySpace en Facebook is nuttige Internethulpmiddels om in aanraking te bly met vriende en familie. Hierdie webtuistes kan gebruik word om nuwe mense met soortgelyke belangstellings te ontmoet. Sosiale netwerke het baie gewild geword onder tieners van vandag aangesien hulle daarna streef om hulself te ontdek of te definieer wie hulle is, deur kontak te maak met ander soos hulself.

Indien dit verantwoordelik gebruik word, kan hierdie webtuistes positief en voordelig vir jong mense wees. Te dikwels, egter, sluit adolessente te veel persoonlike inligting in en bespreek hulle onvanpaste gedrag wat hulle in die moeilikheid kan laat kom. Of hulle stel hulself in gevaar deur wat hulle in hul aanlynprofiele deel. Ons het 'n aantal stories van jong mense gehoor wat die slagoffers van kuberafknouery geword het omdat ander die inligting wat hulle op sosiale netwerkwebtuistes geplaas het, gebruik.

20 w.p.m.

In die paragrawe wat volg, sal jy 'n paar riglyne vind oor hoe om sosiale netwerkwebtuistes veilig en verantwoordelik te gebruik.

Jy moet aanneem dat almal toegang het tot jou profiel; dit sluit ouers, onderwysers, toekomstige werkgewers en geregsdiensmaats in. Selfs al is jou profiel beperk tot 'slegs vriende', moet jy niks bespreek wat jy nie wil hê hulle moet weet nie. Moenie enige taal gebruik wat jy nie voor jou ouers of onderwysers sal gebruik nie. Dit is 'n baie goeie idee om jou profiel op privaat te stel sodat jy beheer kan uitoefen oor wie maklik toegang tot jou inligting het.

Gebruik goeie oordeel wanneer jy foto's of enige ander inhoud op jou profiel plaas. Jou vriende mag dink dat 'n foto van jou lawwe optrede by gisteraand se partytjie snaaks is, maar dink aan hoe jou ouers of 'n potensiële werkgewer sal reageer. Onthou ook dat wanneer jou vriend, of 'n vreemdeling, jou foto neem, dit op sy of haar profiel kan beland vir almal om te sien.

Jy moet aanneem dat mense die inligting op jou profiel sal gebruik om jou skade te berokken. Moenie enigiets aanlyn plaas waarvan jy nie wil hê jou ergste vyand moet weet nie. Dink oor wie jy as vriende byvoeg. Moenie mense byvoeg as jy hulle nie in die werklike lewe ken nie. Wees skepties, selfs al dink jy dat jy hulle goed ken. Tieners dink dikwels dat dit koel is om vriende te versamel en duisende vriende te hê. Onthou net dat hierdie mense maklike toegang tot al jou gepubliseerde inhoud en inligting het.

Neem aan dat daar skurke daar buite is wat jou wil vind, gebaseer op die inligting wat jy in jou profiel verskaf. Dink soos 'n skurk. Dink oor watter inligting identifiseer wie jy is, waar jy uithang en waar jy woon. Moet nooit hierdie tipe inligting op enige plek aanlyn publiseer nie. Jou vriende sal weet hoe en waar om jou te kry.

Jy kan verantwoordelik gehou word vir onvanpaste inhoud op jou profiel wat die diensvoorwaardes of Aanvaarbaregebruiksbeleid van die Internetdiensverskaffer of die webtuistes wat jy gebruik, oortree. Verder is skooldistrikte regoor die land besig om hulle beleid te hersien om hulle toe te laat om leerders vir aanlyngedrag, wat aan 'n ontwrigting in die klasomgewing gekoppel kan word, te dissiplineer. Jy behoort te weet dat jy vir wangedrag gedissiplineer kan word, selfs al het jy die inhoud van die huis af op jou eie rekenaar ge-pos.

Laastens moet ouers die verantwoordelike gebruik van tegnologie deur hulle kinders aanmoedig. Ouers moet hul bes doen om by te bly met

EINDE